# Kersfees: Stel jy jouself totaal in diens van God?

**12 Desember 2022**

**Lees: Luk 1:26-38 (38) (OAV) "**En Maria sê: Hier is **die diensmaagd** van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord. En die engel het van haar weggegaan."

**Die engel Gabriël groet Maria**: "Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou." (v28) Hoekom sou sy, 'n eenvoudige jong meisie, 'n maagd, so 'n boodskap kry en dit nogal van 'n engel?

Ons lees in vers 29 dat sy **"Verbysterd - διαταράσσω "** was oor die begroeting van die engel. As ons dit direk moet vertaal was sy "gestres, vol spanning, verskrik, verbysterd" oor die begroeting.

**Nadat die engel Gabriël** die wonderlike boodskap aan Maria gebring het, het sy haarself vergewis het wat dit beteken, haar volkome aan God oorgegee.

**Uit sy groot genade het God vir Maria gekies** om Jesus Christus se aardse moeder te wees. Maria is uit genade uitverkies om hierdie ontsettende, wonderlike, heerlike, roepingsbewuste taak te verrig om die moeder van Jesus te wees.

**Die engel Gabriël het haar oortuig met die volgende woorde en verduidelikings:**

- Dit is 'n wonderwerk want sy het swanger geword deur die Heilige Gees wat oor haar gekom het.
- Josef was sy aardse pa maar Jesus se Vader was die Hemelse Vader.
- Jesus sou **GEEN** sonde ooit gehad het of gedoen het nie. (2 Kor 5:21; 1 Joh 3:5)
- Die engel het vir Maria 'n teken gegee. Haar tannie, Elisabet, sou in haar ouderdom ook swanger word. Dit was ook 'n teken dat niks vir God onmoontlik is nie. (v36,37)

God is Almagtig en het Sy beloftes in en deur Maria laat waar word.
Alles gebeur deur sy Almag en die krag van sy Woord. Ps 33:9.

**Maria se geloofs-reaksie was 'n totale oorgawe van hart en siel en gees en liggaam aan God.**

- Luk 1:38 '83 vertaling "Ek stel my **tot beskikking** van God."
- Luk 1:38 '33 vertaling "Ek is **die diensmaag** van die Here."
- Luk 1:38 KJV vertaling "Behold **the handmaid** of the Lord;"

**'n Diensmaagd of of bediende of soos in engels "a handmaid"** is die eenvoudigste, laagste op die rang, werk wat 'n vrou kan verrig. Dit wys net hoeveel vertroue Maria in God se woorde deur die engel Gabriël gehad het. Sy het haar totaal laat welgeval om te doen wat God van haar vra.

**Kersfees of liewer Christusfees**, moet ons hierdie saak ingedagte hou. Ons is nie slawe van God nie, maar ons is God se kinders. Duur gekoop deur die bloed van ons Here Jesus Christus. Daarom moet ons ook in totale gehoorsaamheid ons totaal en al in God se diens stel. Soos 'n kind wat ten volle gehoorsaam is aan sy ouers, moet ons totaal en al gehoorsaam wees aan God. Ons moet doen wat Hy vra tot sy eer en tot verheerliking van sy heilge Naam.

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***